# DIE WONDE VAN JESUS

Oordenking deur: **Gert du Plessis** (*kontak besonderhede verskyn elders op die webblad*)
Alle Skrif verwysings word geneem uit die 1933/53 Afrikaanse Bybelvertaling, tensy anders vermeld.
Die opbreek van die Skrif gedeeltes word in Blou uitgewys.

-oOo-

**SKRIF VERWYSINGS VAN OORDENKING**: **Joh 21:12 Jesus sê vir hulle: Kom eet! En niemand van die dissipels het gewaag om Hom te vra: Wie is U nie? omdat hulle wis dat dit die Here was.**

**VRAAG: Sal die wonde wat Jesus Christus in Sy liggaam, Sy hande, voete en Sy sy gehad het sigbaar wees tot in ewigheid. Sal die wonde soos nou huidig nog bestaan aan Sy liggaam.**

Graag wil ek vandag met julle deel wat die Here met my gedeel het.

In die eerste plek moet ons besef dat die woord "**Christus**" eintlik **vier** aspekte in Sy ewigheidsbestaan het.

## 1. WOORD

Christus is tot in alle ewigheid en alle verlede die **Woord**. In Johannes 17 bid Jesus vir Sy dissipels en Hy sê vir die Vader, soos wat Ek altyd by U was en by U verheerlik was in alle ewigheid.

Daar was 'n tydbestek, 'n bestaan-era van Hom as die **Woord**. Die Woord was altyd daar, geopenbaar aan die volk Israel:

i) deur die **profete**
ii) en deur die verbond van die **besnydenis**
iii) en die **Wet,** het God homself die Woord geopenbaar.

Daar was nie 'n Bybel nie, alles was deur die Woord, sodat dit kan aanloop na 'n sekere uiteinde.

Die hele woord is gebaseer op die bou van die profete en die apostolies. Net soos wat die nuwe Jerusalem ook gebou sal word op sy fondasie, so sal ook die profete en apostolies geopenbaar word. Dit is die era van die Woord.

> Open 21:14 En die muur van die stad het twaalf fondamente gehad, en daarop was die name van die twaalf apostels van die Lam.

## 2. VLEES

Ook het Hy gekom in 'n ander aspek van Sy bestaan, en dit is toe die Woord **vlees** geword het.

Die woord is deur die engel Gabriël na die maagd Maria gebring. Sy het die Woord ontvang en dit bewaar, dit voortgebring en die Woord het vlees geword.

> 1 Joh 4:2 Hieraan ken julle die Gees van God: elke gees wat bely dat Jesus Christus in die vlees gekom het, is uit God;

Die Woord vlees geword omdat die mens gesondig het en die aarde het gekies om skeiding te bring tussen God en die mens. Die aarde moes weer die versoeningsoffer voortbring.

Die uiteinde van hierdie Mens:
- Het vlees geword, Christus Jesus, die soewereine vlekkelose Lam van God,
- wat op die einde van die era as mens gekom het,

- het Sy bloed gegee,
- Homself op die altaar geplaas,
- gesterf en opgestaan,
- die versoeningsbloed gestort vir my en jou.
- Vader het die versoeningsbloed aanvaar.

## 3. GETUIENIS

**Die era in 'n verheerlikte liggaam was net een doel, en dit is om te getuig**. As ons kyk na die derde aspek era van Christus se ewige bestaan-era dan is dit die funksionering in 'n verheerlikte liggaam. Dit was alleenlik daar gewees as 'n getuienis.

Hy het by die opstanding teruggekom as 'n ander wese in 'n **verheerlikte liggaam**. Die verheerlikte liggaam moes 'n **getuienis** wees van die opstanding, van dit wat behaal is. Die dood en die hel is vir ewig oorwin in Hom. Hy het die sleutel van die dood en die doderyk. Dit is die derde aspek van Sy bestaan-era waar Hy as 'n verheerlikte liggaam rond beweeg het op die aarde nadat Hy deur die Vader geseën en teruggestuur is om getuienis te kom lewer as oorwinnaar oor die dood en die hel. Hy is die oorwinnaar oor die bose en sy magte. Christus het die oorwinning gebring**. Hy is 'n eersteling uit die opstanding**.

**Wat is die doel van hierdie era van Sy bestaan?**
Sy bestaan van hierdie era is die funksionering uit 'n verheerlikte liggaam. Daar is net een doel en dit is om 'n getuienis te wees. Johannes noem dat baie Hom gesien het en almal is getuienisse dat Hy oorwin het. Ons weet dat Hy opgestaan het en ons weet dat Hy oorwin het*. **Die derde era van Sy lewe is om alleenlik 'n getuienis te wees oor die opstanding en oorwinning en triomferend oor die mag van satan oor die aarde, en Christus het dit terug gevat.***

a) Dit is baie interessant dat in Johannes 20:14 verskyn Jesus aan Maria toe sy agtertoe omgedraai het, het sy Jesus gesien staan, en sy het nie geweet dat dit Jesus was nie. Indien Maria en die Émmaüsgangers Hom herken het, sou hul Hom aan Sy wonde erken het. Hul het Hom egter nie herken nie want Sy wonde was nie sigbaar nie.

b) In 'n tweede geval het Jesus aan die Émmaüsgangers verskyn. Lukas 24. Hy het saam met hulle gestap en hulle het nie geweet dit is Jesus nie. Hulle het Hom ingenooi om saam aan die tafel te sit. Sou Jesus nog Sy wonde aan Sy hande gehad het sou hul Hom erken het en geweet het dit is die Here wat aan die kruis gesterf het. Die Bybel sê hulle het Hom herken ***by die breking van die brood***. Toe Hy die evangelie vir hulle gee het hulle Hom erken. Ons kan Hom nie herken as Hy nie aan ons geopenbaar word deur die Heilige Gees nie.

c) Johannes 21 het Jesus weer aan Sy dissipels verskyn by die see van Tiberias waar hul gaan visvang het. Die dissipels het nie geweet dat dit Jesus was nie. Hulle het nie wonde gesien nie.

d) Met watter hart sal Jesus afdaal na ons onkundigheid. Hoe vêr sal Hy gaan om homself aan ons te openbaar? Die dissipels het Hom nie herken nie maar tog kom Hy na Thomas toe. Thomas sê dat as hy nie Sy hande in die wonde kan druk nie dan glo hy nie dis Jesus nie. Dis 'n simboliek aan hoe vêr Jesus sou gaan om homself te openbaar aan die wat Hy liefhet. Christus sal jou onkundigheid en ongelowigheid toets en Hy sal na jou vlak kom en homself openbaar.

*Joh 20:27 Daarna sê Hy vir Thomas: Bring jou vinger hier, en kyk na my hande; en bring jou hand en steek dit in my sy; en moenie ongelowig wees nie, maar.*
*Joh 20:28 En Thomas antwoord en sê vir Hom: My Here en my God!*
*Joh 20:29 Jesus sê vir hom: Omdat jy My gesien het, Thomas, het jy geglo; salig is die wat nie gesien het nie en tog geglo het.*

-o0o-

## 4. VERHEERLIK

Joh 17:4 Ek het U verheerlik op die aarde. Die werk wat U My gegee het om te doen, het Ek volbring

Die vierde era is in Johannes 17:14 waar Jesus bid en vir Vader noem dat Hy Hom **verheerlik** het hier op aarde en die werk wat U my gegee het, het Ek volbring. Ek is nou klaar met die werk wat U my gegee het. Nou kan U my verheerlik. Hyself was nog nie verheerlik nie en niemand kon Hom sien nie. Ons moet verander word van die verganklike na die onverganklike.

Hul vra vir Christus 'n teken en Hy sê dat daar sal net een teken gegee word en dit is die teken van Jona. Wat is die teken van Jona? Daar is sisteme wat noem van drie dae en drie nagte. Dit is nie die antwoord nie. Die teken van Jona is die **opstanding**. Dit is wat gebeur het in die bestaan-era toe Christus homself openbaar het aan die mense. Die getuienis van die opstanding was die teken van Jona.

## 5. JOHANNES SE PATMOS ERVARING

In Openbaring 1:12 tot 18 is Johannes op die eiland van Patmos en bid.

Open 1:12 Toe draai ek my om, om te sien watter stem met my gespreek het; en toe ek my omgedraai het, sien ek sewe goue kandelaars,

Dit is weereens 'n bewys dat Christus Jesus Hom aan ons kan openbaar sovêr as wat ons Hom toelaat. Hy is reeds klaar deur die Vader verheerlik.

*Daar is 'n verskil tussen die verheerlikte liggaam waarmee Hy gefunksioneer het en die verheerliking deur die Vader.*

Open 1:13 en tussen die sewe kandelaars Een soos die Seun van die mens met 'n kleed aan wat tot op die voete hang, en gegord om die bors met 'n goue gordel.

Johannes sien toe tussen die sewe kandelare Een soos die Seun van die mens. Christus, die Woord het hier tot Sy volheid Homself aan Johannes openbaar. Johannes het openbaring gekry tot sovêr as wat hy die openbaring van die verheerlikte Jesus Christus die Lam van God die woord kon absorbeer het.

Open 1:14 Sy hoof en hare was wit soos wit wol, soos sneeu, en sy oë soos 'n vuurvlam,
Open 1:15 en sy voete soos blink koper wat gloei soos in 'n oond, en sy stem soos die stem van baie waters.
Open 1:16 En in sy regterhand het Hy sewe sterre gehou, en 'n skerp tweesnydende swaard het uit sy mond uitgegaan, en sy aangesig was soos die son wat skyn in sy krag.

### Effekte van die openbaring wat Christus na Sy opstanding aan mense gegee het

1. Thomas wat **wonde** gesien het, en geen reaksie getoon het nie. Al wat hy gesê het was, "my Here my God".
2. Maria het Sy **stem** erken en sy het dit beaam met die woord "Rabboeni" wat beteken, Meester.
3. Die Émmaüsgangers het Hom herken die oomblik toe die **brood** gebreek word.
4. Die besonderse **visvangs** en Jesus se **gesprek** met Petrus langs die see.

Dit is die verkillende effekte wat Hy gehad het toe Hy aan hulle verskyn het in 'n verheerlikte liggaam as getuienis van die opstanding en die oorwinning wat Hy behaal het, met die voltooiing van die opdrag wat God die Vader vir Hom gegee het vir die versoening. Hy het die dood en die hel oorwin. Hy lewe tot in alle ewigheid.

-o0o-

**5.** Christus verskyn en openbaar Homself soos die Seun van die mens aan Johannes. Nie in die volheid van Sy krag nie, maar sovêr as wat Johannes dit kon ervaar het, het Christus Homself openbaar.

Open 1:17 En toe ek Hom sien, val ek soos 'n dooie aan sy voete; en Hy het sy regterhand op my gelê en vir my gesê: Moenie vrees nie; Ek is die eerste en die laaste
Open 1:18 en die lewende; en Ek was dood en kyk, Ek leef tot in alle ewigheid. Amen. En Ek het die sleutels van die doderyk en van die dood.

Christus sê vir Johannes wie Hy is. Dit is die effek wat die verheerlikte Christus, die verheerlikte Messias, die verheerlikte Woord wat herstel is in Sy gesagsposisie aan Johannes openbaar en daar het Johannes geword soos 'n dooie.

***Nêrens sien ons dat Johannes praat van wonde nie.***

Wonde was daar in 'n sekere era van Sy bestaan as 'n getuienis vir Thomas wat sy vingers in Sy wonde wou druk. Thomas het bewys gesoek vir sy eie sekerheid en Christus het Thomas se hart gehoor en het geweet hy wou nie 'n fout maak nie terwille van sy eie getuienis aan ander.

**Daar is nie meer wonde aan Sy liggaam nie.** Ons hoor nooit weer dat Hy Sy wonde geopenbaar het nie. ***Nadat Hy verheerlik is deur die Vader is daar nie meer wonde aan Sy hande, voete en sye nie***.

## HOE KEN ONS HOM?

1. Baie mense ken Hom in die eerste era wie nog staan onder die Wet. Galasiërs 5 leer ons, dat sou ons onsself wil besny, verwerp ons Christus. Baie mense lewe nog in die eerste era van Sy bestaan, naamlik die Verbond. Die Verbond met Israel was die besnydenis en nie die Wet nie.

2. Baie ken Hom as die mens Christus Jesus wat op aarde gewandel het of waar Hy funksioneer in Sy verheerlikte liggaam.

3. Die Bruid ken Hom as die verheerlikte Christus wat verheerlik is deur die Vader. Hy kan nou in elkeen van ons Homself openbaar in die volheid van Sy liefde. Elkeen van ons kan 'n boek skryf oor hoe Hy Homself openbaar. Die Bruid is in 'n liefdesverhouding, 'n liefdesverbond met Hom. Hy sal Homself nie aan iemand anders openbaar wie nie in 'n liefdesverhouding met Hom is nie. Elkeen ervaar Sy liefde anders.

**Hy is die Bruid se geskenk wat die Vader aan ons gegee het.**

-o0o-